1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, behou 'n woord of uitdrukking die mening wat in die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002) daaraan toegewys is en daarbenewens —

beteken "**die Wet**" die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002);

sluit 'n "**Verbruikersbeskermer**" 'n waarnemende Verbruikersbeskermer in soos aangestel ingevolge artikel 5(1)(b) van die Wet;

sluit "**persoon**" 'n regspersoon in;

sluit "**regspersoon**" die volgende in —

(a) 'n liggaam met regspersoonlikheid;

(b) 'n vennootskap of vereniging; en

(c) 'n trust soos omskryf in die Wet op die Beheer van Trustgoed, 1988 (Wet 57 van 1988);

en

beteken "**respondent**" 'n persoon teen wie 'n aantygning ten opsigte van 'n beweerde onbillike sakepraktyk ingevolge die Wet gemaak word.

HOOFSTUK 2

ONDERSOEK VAN ONBILLIKE SAKEPRAKTYKE

Indiening van klagte

2. Wanneer iemand 'n klagte by die kantoor indien rakende 'n beweerde onbillike sakepraktyk, kan die kantoor die klaer versoek om –
 - (a) sy of haar klag uiteen te sit in die formaat van Vorm 1 in Aanhangsel A; en
 - (b) verdere inligting in die vorm van 'n beëdigde verklaring te verstrek.

Kennisgewing van ondersoek

3. (1) Wanneer die Verbruikersbeskermer 'n ondersoek ingevolge die Wet instel, moet die kantoor, onderhewig aan subregulasie (4), aan die verdagte respondent wat vir die onbillike sakepraktyk verantwoordelik is skriftelikkennis gee van die ondersoek en van die beweerde onbillike sakepraktyk.
 - (2) Die kantoor moet aan die betrokke respondent kennis gee deur –
 - (a) die kennisgewing by daardie respondent af te lewer; of
 - (b) die kennisgewing per geregistreerde pos gerig aan daardie respondent se geregistreerde kantoor of sakeadres of woonadres, te stuur.
 - (3) Die kennisgewing moet in die formaat van Vorm 2 in Aanhangsel A wees.
 - (4) Die Verbruikersbeskermer kan bepaal dat die kennisgewing beoog in subregulasie (1) vir die ondersoek nadelig kan wees. Waar die Verbruikersbeskermer dit bepaal, moet sodanige kennisgewing nie deur die kantoor gegee word nie.
 - (5) Onderhewig aan subregulasie (4), moet 'n kennisgewing beoog in subregulasie (1) gegee word ongeag of die kantoor die ondersoek in die *Provinsiale Koerant* beoog in artikel 8(3) van die Wet bekend maak of nie.

Ondersoekvergadering

4. (1) Wanneer 'n Verbruikersbeskermer 'n klagte ontvang rakende 'n beweerde onbillike sakepraktyk soos beoog in artikel 7(1) of 8(2) of (6) van die Wet, kan die kantoor die respondent versoek om 'n ondersoekvergadering by te woon.
 - (2) Tensy die Verbruikersbeskermer anders bepaal, moet die klaer ook die ondersoekvergadering bywoon.

- (3) Die doel van die ondersoekvergadering is om –
- (a) waar nodig, die respondent meer volledig van die klagte in te lig;
 - (b) die menings van die respondent rakende die klagte te verkry asook die feitelike bewerings waarop die klagte gebaseer is te bekom; en
 - (c) waar gepas, 'n reëling soos beoog in artikel 12 van die Wet te onderhandel.
- (4) Die kantoor moet veroorsaak dat kennisgewing van 'n ondersoekvergadering gegee word deur –
- (a) aflewering van die kennisgewing aan die persoon wat in kennis gestel moet word; of
 - (b) die kennisgewing aan daardie persoon per geregistreerde pos aan daardie persoon se geregistreerde kantoor of sake-adres of woonadres te stuur.
- (5) Indien die respondent versuim om 'n ondersoekvergadering by te woon, kan die kantoor 'n dagvaarding ingevolge artikel 9(1) van die Wet uitreik om daardie persoon te verplig om 'n ondersoekvergadering by te woon.

Dagvaarding om te verskyn of inligting te verstrek

5. (1) 'n Dagvaarding beoog in artikel 9(1) van die Wet moet in die formaat van Vorm 3 in Aanhangsel A wees.
- (2) Regulasie 14 is van toepassing, met die veranderinge wat deur die konteks verlang word, ten opsigte van die beteken van dagvaarding waarna daar in subregulasie (1) verwys word.

Getuiegelde

6. Enigiemand wat gedagvaar word om ingevolge artikel 9(1)(a) van die Wet te verskyn is geregtig op getuiegelde in ooreenstemming met die tarief wat in die regulasies voorgeskryf word en ingevolge artikel 191(3) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) uitgereik word.

Diensvoorwaardes en besoldiging van ondersoekbeamptes

7. (1) Onderhewig aan subregulasie (2) is die voorwaardes beoog in artikel 10(3) van die Wet wat die aanstelling van 'n ondersoekbeampte wat nie in die healtydse diens van die Staat is nie, soos volg:

- (a) die aangestelde beklee die amp as 'n ondersoekbeampte vir die ure, dae of ander tydperk of tydperke soos bepaal deur die Verbruikersbeskermer; en
 - (b) die ondersoekbeampte oefen sy of haar funksies getrou en toegewyd uit en onderhewig aan die beheer en aanwysings van die Verbruikersbeskermer.
- (2) Die vergoeding betaalbaar aan 'n ondersoekbeampte wat nie in die heeltydse diens van die Staat soos uiteengesit in tarief 3 in Aanhangsel B.

Aanstellingsertifikaat

8. Die kantoor moet 'n ondersoekbeampte van 'n aanstellingsertifikaat voorsien in die formaat van Vorm 4 in Aanhangsel A.

Lasbrief

9. (1) 'n Ondersoekbeampte wat 'n lasbrief vereis soos beoog in artikel 11(2) van die Wet, moet 'n konsep-lasbrief invul in die formaat van Vorm 5 in Aanhangsel A.
- (2) Die konsep-lasbrief moet vir die Verbruikersbeskermer gegee word of 'n persoon in diens van die kantoor wat deur die Verbruikersbeskermer daartoe gemagtig is, tesame met die inligting beoog in artikel 11(2)(a) en (b) van die Wet.
- (3) Nadat die Verbruikersbeskermer of die ander persoon waarna daar in subregulasie verwys word die konsep-lasbrief onderteken het, kan die konsep-lasbrief en die stawende inligting vir 'n regter of landdros gegee word vir uitreiking, soos beoog in artikel 11(2) van die Wet.

Kwitansie wat met beslaglegging uitgereik moet word

10. Waar 'n ondersoekbeampte enigiets in beslag neem wat met 'n ondersoek soos beoog in artikel 11(1)(d) van die Wet verband hou, moet die ondersoekbeampte 'n kwitansie in die formaat van Vorm 6 in Aanhangsel A aan die eienaar of persoon die voorwerp wat in beslag geneem is, uitreik .

HOOFSTUK 3

VERBRUIKERSAKETRIBUNALE

Vorm van eed of verklaring deur lid van tribunaal

11. (1) 'n Lid of plaasvervangende lid van 'n tribunaal moet die eed of plegtige bevestiging aflê soos beoog in artikel 15(8) van die Wet in die vorm van Deel 1 van Aanhangsel C.
- (2) Die Minister kan die aanstellingstermyn van 'n lid of plaasvervangende lid van 'n tribunaal met 'n tydperk van hoogstens drie (3) jaar verleng.

Koste

12. (1) Waar 'n tribunaal koste teen 'n persoon toewys soos beoog in artikel 18(1)(b) van die Wet—
 - (a) is die kosteskaal soos uiteengesit in Tarief 1 in Aanhangsel B van toepassing tensy die tribunaal anders bepaal; en
 - (b) moet die koste deur daardie persoon aan die kantoor betaal word.
- (2) Die Verbruikersbeskermer moet veroorsaak dat daardie koste aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal word.

Dagvaarding om verrigtinge voor tribunaal in te stel

13. (1) 'n Dagvaarding beoog in artikel 19(1) van die Wet moet in die formaat van Vorm 7 in Aanhangsel A wees.
- (2) Die dagvaarding moet –
 - (a) die hoofsaak bevat van die bewerings rakende die onbillike sakepraktyk wat ter sprake is, met voldoende besonderhede vir die persoon wat die dagvaarding ontvang om die bewerings teen hom of haar te verstaan en om 'n behoorlike respons op die bewerings voor te berei;
 - (b) vergesel word van afskrifte van alle dokumente en ander materiaal waarop die bewerings gebaseer is, en wat gebruik sal word om bewys van die bewerings te lewer; en

- (c) 'n datum spesifiseer, wat nie minder nie as 15 werksdae van die datum van betekening van die dagvaarding mag wees nie, asook die plek waar die persoon wat gedagvaar is voor die tribunaal moet verskyn.

Manier waarop dagvaarding beteken word

14. (1) 'n Dagvaarding moet beteken word deur die Balju, of deur 'n persoon wat deur die Verbruikersbeskermer aangewys is, by wyse van die aflewering van 'n kopié van die dagvaarding—
- (a) aan die persoon wat in die dagvaarding genoem word; of
- (b) by daardie persoon se gewone of laaste bekende woonplek of werkplek, aan 'n persoon wat skynbaar bo die ouderdom van 18 jaar is en skynbaar daar woonagtig of werksaam is.
- (2) 'n Terugvoering deur die persoon wat die dagvaarding beteken het dat die beteken daarvan uitgevoer is ooreenkomstig subartikel (1) is *prima facie*-bewys van die betekening.

Dagvaarding van getuie

15. (1) 'n Dagvaarding beoog in artikel 20(1)(a) van die Wet moet in die formaat van Vorm 8 in Aanhangsel A wees.
- (2) Regulasie 14 is van toepassing, met die veranderinge wat deur die konteks verlang word, ten opsigte van die beteken van 'n dagvaarding waarna daar in subregulasie (1) verwys word.

Verrigtinge van tribunaal

16. Onderhewig aan die Wet en hierdie regulasies, bepaal die voorsitter van 'n tribunaal die verrigtinge van die tribunaal.

Ondersoek van getuie

17. (1) Die voorsitter van 'n tribunaal bepaal die prosedure van toepassing op die ondersoek en kruisondervraging van getuies voor die tribunaal.
- (2) 'n Getuie wat voor 'n tribunaal verskyn, kan na goeddunke van die voorsitter en op die manier wat deur die voorsitter bepaal word, deur 'n advokaat, prokureur of ander persoon wat deur die voorsitter goedgekeur is, bygestaan word.

- (3) 'n Tribunaal kan gelas dat 'n persoon nie op enige manier hoegenaamd die identiteit van 'n getuie bekend mag maak nie.

Dringende tydelike bevel

18. (1) Waar die kantoor 'n dringende tydelike bevel versoek soos beoog in artikel 21(1) van die Wet, moet die kantoor, voordat 'n tydelike bevel uitgereik word, maar onderhewig aan artikel 21(4) van die Wet, kennis daarvan aan elke persoon gee teen wie die bevel versoek sal word of wat in die bevel genoem sal word.
- (2) 'n Kennisgewing beoog in subregulasie (1) moet in ooreenstemming wees met Vorm 9 in Aanhangsel A.
- (3) Regulasie 14 is van toepassing, tesame met die veranderinge wat deur die konteks verlang word, ten opsigte van die beteken van 'n kennisgewing beoog in subregulasie (1).

Bekragtiging van reëlings en ander aansoeke

19. 'n Aansoek vir bekragtiging van 'n reëling soos beoog in artikel 22(1) van die Wet moet vergesel word van –
 - (a) 'n kort beëdigde verklaring of bevestiging wat die feitelike grondslag van die aansoek uiteensit; en
 - (b) die betrokke reëling en enige stawende dokumentasie.

Rentekoers op geld terugbetaalbaar aan betrokke verbruikers

20. (1) Waar 'n tribunaal 'n bevel uitreik dat rente betaal moet word op geld wat aan betrokke verbruikers terugbetaal moet word soos beoog in artikel 23(2)(a) van die Wet—
 - (a) moet die rente bereken word teen die heersende koers wat van tyd tot tyd ingevolge artikel 1(2) van die Wet op Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet 55 van 1975) voorgeskryf word, en
 - (b) moet die tribunaal in sy bevel die bedrag spesifiseer waarop rente betaalbaar is, en die datum vanaf en tot wanneer rente betaal moet word.

Besoldiging van kurators

21. Die besoldiging betaalbaar aan 'n kurator wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie uit die fondse van 'n persoon wat by die onbillike sakepraktyk betrokke is soos beoog in artikel 24(4) van die Wet, is soos uiteengesit in Tarief 2 in Aanhangsel B.

Oorskrywers en tolke

22. (1) 'n Persoon wat aangestel of toegewys is om prosedures van 'n tribunaal op enige manier aan te teken, of die prosedures wat sodanig aangeteken is, oor te skryf, moet voordat hy of sy met sy pligte begin 'n eed of verklaring voor die sekretaris van die tribunaal aflê en onderteken in die vorm of Deel 2 van Aanhangsel C.
- (2) Indien 'n tolk aangestel is, moet die tribunaal hom van die bevoegdheid van die tolk vergewis voordat hy of sy as sodanig aangestel word.
- (3) 'n Persoon wat as 'n tolk aangestel is, moet 'n eed of verklaring voor die sekretaris aflê en onderteken in die vorm van deel 3 van Aanhangsel C voordat hy of sy met die pligte van tolk begin.
- (4) Die besoldiging van 'n persoon wat ingevolge subregulasie (1) of (2) aangestel is, moet —
- (a) vervat word in 'n skriftelike ooreenkoms tussen die Verbruikersbeskermer en
- (b) deur die verantwoordelike Minister goedgekeur word in oorleg met die Minister wat vir finansiële sake in die Provinsie verantwoordelik is.

Publisering van tribunaalbevel

23. (1) 'n Bevel van 'n tribunaal wat bekend gemaak is deur 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* moet deur die voorsitter van die tribunaal of deur 'n lid van die tribunaal wat deur die voorsitter in die algemeen of in 'n spesifieke geval toegewys word, onderteken word.
- (2) Die sekretaris van die tribunaal moet veroorsaak dat 'n bevel waarna daar in subregulasie (1) verwys word in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word en op enige ander manier wat die tribunaal mag voorskryf.

Transkripsie

24. Indien enigiemand 'n transkripsie van die prosedures van 'n tribunaal vereis, moet daardie persoon die koste van die transkripsie dra, maar indien die tribunaal of die kantoor reeds 'n voorbereide transkripsie het, dra die persoon slegs die koste van die kopiëring van die transkripsie.

Kort titel

25. Hierdie regulasies heet die Wes-Kaapse Verbruikersakeregulasies (Onbillike Sake-praktyke), 2012.

AANHANGSELS

INHOUD TOT AANHANGSELS

A. Vorms

1. Klagte aan die Verbruikersbeskermer
2. Kennisgewing van Onderzoek deur die Kantoor van die Verbruikersbeskermer
3. Dagvaarding om voor die Verbruikersbeskermer of 'n persoon in diens van die Kantoor te verskyn
4. Aanstellingsertifikaat van Onderzoekbeampte
5. Lasbrief
6. Kwitansie vir voorwerpe wat in beslag geneem is
7. Dagvaarding wat verrigtinge voor die Verbruikersaktribunaal instel
8. Dagvaarding om voor die Verbruikersaktribunaal te verskyn
9. Dringende tydelike bevel

B. Tariewe

1. Kostetarif
2. Besoldiging betaalbaar aan 'n kurator wat nie in die healtydse diens van die Staat is nie

C. Ede en plegtige verklarings

1. Eed of verklaring deur lid of plaasvervangende lid van die tribunaal
2. Eed of verklaring deur oorskrywer
3. Eed of verklaring deur tolk

AANHANGSEL A

VORMS

Vorm 1

WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING & TOERISME

KLAGTE AAN DIE VERBRUIKERSBESKERMER

Wes-kaapse Wet op verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
Artikel 7 en regulasie 2

Besondere besonderhede

an:

volle name:

Woonadres:

Posadres:

Huistel-nr.: Werktel-nr:

Selnr: e-pos:

Faksnr:

Besondere besonderhede van persoon/besigheid

Naam van persoon/besigheid:

Sake-dres:

Posadres:

Saketelefoon no.: Besigheidsfaksnr.:

ontakpersoon 1: Posisie: Selnr:

ontakpersoon 2: Posisie: Selnr:

Besondere besonderhede van onbillike sake

Die vrae hieronder dien slegs as 'n gids en u kan enige ander toepaslike inligting byvoeg.

1. Voorsien 'n kort verduideliking van die praktyk waaroor u 'n klagte ingedien het
2. Verduidelik hoe die praktyk waaroor u 'n klag ingedien het, die verhouding tussen u en die sake-onderneming geskaad het
3. Het die praktyk u as verbruiker onredelik benadeel
4. Is u deur die praktyk mislei, en indien wel, hoe
5. Is u onregverdiglik geraak deur die praktyk

(verskaf volledige besonderhede oor die gedrag waaroor u kla. Heg dokumentasie aan waar moontlik).

Ek, die klaer, wie se besonderhede hierbo verskyn, bevestig dat die inligting wat deur my verskaf word na my beste wete waar en korrek is.

H n tekening

D t

Vorm 2

WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING & TOERISME**KENNISGEWING VAN ONDERSOEK DEUR****DIE KANTOOR VAN DIE VERBRUIKERSBESKERMER**

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
Artikel (1) en (2) en regulasie

AAN
persoon)

/.

(naam van besigheid of volle name van

..

(adres)

LET WEL

DAT die Kantoor van die Verbruikersbeskermer 'n klagte rakende die volgende beweerde of vermeende onbillike sakepraktyk ontvang het:

(Verskaf volledige besonderhede van die klagte wat ontvang is)

DAT u 'n On e soek e g e ing moet bywoon wat te

. (plek) **en op** .

(dag) **om** .(tyd) **gehou gaan word.**

DAT die doel van die vergadering is om:

- (a) **waar nodig, u meer volledig oor die klagte teen u in te lig**
- (b) **om u menings oor die klagte te kry, en die feitelike bewerings waarop die klagte gebaseer is en**
- (c) **waar gepas, om 'n re ling te onderhandel soos beoog in artikel 12 van die Wet.**

(* Skrap indien geen vergadering gehou word nie)

_____ (datum)

_____ (plek)

Ve ike eske e Pe soon ge gtig e ie Ve ike eske e

(Let sse lief o t'n fsk if n ie kl gte o w t n ie e ike ont ng is, s'n
l e ie nge eg wo)

Vorm 3

WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING & TOERISME

DAGVAARDING OM VOOR DIE VERBRUIKERSBESKERMER TE VERSKYN

OF `N PERSOON IN DIENS VAN DIE

KANTOOR VAN DIE VERBRUIKERSBESKERMER

Wes - aapse Wet op erbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
Artikel (1)(a) en regulasie

antoorverw.:.....

AAN

(volle name van persoon)

(adres)

In die saak van die volgende beweerde of vermeende onbillike sakepraktyk:

(Verskaf besonderhede van die saak in verband waarmee die persoon wat gedagvaar is en moet verskyn. Voldoende besonderhede moet verskaf word sodat die persoon wat die dagvaarding ontvang die bewerings teen hom/haar kan verstaan, en sy/haar respons op die bewerings behoorlik kan voorberei.)

U word hiermee gedagvaar om voor die Verbruikersbeskermer of `n persoon in diens van die Kantoor van die Verbruikerbeskermer te verskyn te

.....

(plek) om

(tyd) op

. (datum), ten einde:

(a) vrae in verband met die saak wat hierbo gespesifiseer word, te beantwoord en

(b) die volgende voor te l :

(beskryf boeke, dokumente of voorwerpe) en om in verband daarmee ondervra te word.

(* Skrap wat nie van toepassing is nie)

Artikel 9(4) van die Wet bepaal dat 'n persoon aan 'n misdryf skuldig is indien hy of sy, wanneer gedagvaar

- (a) versuim om te verskyn op die tyd en plek in die dagvaarding gespesifiseer, of om aanwesig te bly tot die beindiging van die verrigtinge of totdat hy of sy van verdere bywoning verskoon word
- (b) weier om die eed af te lê of die plegtige verklaring te doen
- (c) weier om enige vraag wat wettig aan hom of haar gestel is, te beantwoord of na sy of haar beste wete en oortuiging ten volle en op bevredigende wyse te beantwoord
- (d) versuim om 'n boek, stuk of voorwerp in sy of haar besit of veilige bewaring of onder sy of haar beheer wat hy of sy moet voorvoel, voor te lê of
- (e) 'n valse verklaring doen aan die Verbruikersbeskermer of aan ander persoon aangewys deur hom of haar in die diens van die kantoor, in die wete dat daardie verklaring vals is of terwyl hy of sy nie dink dat dit juis is nie.

Let asseblief daarop dat Artikel 32 van die Wet die volgende strafbepalings voorskryf indien die Wet nie nagekom word nie:

'n Persoon wat gevonnissen word vir 'n oortreding ingevolge hierdie Wet, is onderhewig, in die geval van 'n oortreding vermeld in -

(1) Artikel 31, tot 'n boete van nie meer as R200 000 nie, of gevangenisstraf vir 'n periode van nie langer as vyf jaar nie, of tot beide die boete en die gevangenisstraf, en

(2) enige ander bepaling van hierdie Wet, tot 'n boete van nie meer as R100 000 nie, of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk nie langer as 12 maande nie, of tot beide die boete en die gevangenisstraf.

_____ (datum)

_____ (plek)

Veike eske e Pe soon ge gtig e Ve ike eske e

Vorm 4

WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING & TOERISME

**AANSTELLINGSERTIFIKAAT AS
ONDERSOEKBEAMPTE**

Wes-kaapse Wet op verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
Artikel 10() en regulasie

Hiermee word verklaar dat (volle name)

met ID-nommer (ID-nommer)

'n ondersoekbeampte is wat ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002) aangestel is.

Hierdie aanstelling tree met ingang van (datum) in werking

en eindig op.....(datum)

_____ (datum)

_____ (plek)

Ve ike s eske e

Vorm 5

WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING & TOERISME

LASBRIEF

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
Artikel 11(2) en Regulasie

Aan .

Verw.-nr.:

(volle name),

met ID-nommer (ID-nommer), 'n
ondersoekbeampte wat ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke)
2002 (Wet 10 van 2002) aangestel is:

Hierdie lasbrief magtig u om die volgende perseel te
betree:.....(naam en/of adres van perseel).

in verband met die volgende beweerde onbillike sakepraktyk:

.....
(verskaf besonderhede)

U word gemagtig om die genoemde perseel te betree:

- (a) tussen die ure van 07:00 en 19:00
of (skrap wat nie van toepassing is nie)
- (b) enige tyd, soos hierdeur gemagtig ingevolge artikel 10(3)(b) van die genoemde Wet.

U word gemagtig om die genoemde perseel te betree om:

- (a) hierdie perseel te inspekteer of te deursoek en om sulke navrae te doen as wat nodig mag wees vir die verkryging van inligting met betrekking tot die genoemde onbillike sakepraktyk
- (b) enige voorwerp te ondersoek wat op of by die perseel gevind word wat met die ondersoek na die genoemde onbillike sakepraktyk verband hou of verband mag hou en inligting rakende daardie voorwerp kan versoek van die eienaar of persoon in beheer van die perseel of van 'n persoon in wie se besit of bewaring daardie voorwerp is
- (c) afskrifte of uittreksels te maak van 'n boek of dokument wat op of by die perseel gevind word en wat met die ondersoek verband hou of verband mag hou, en om 'n verduideliking te versoek vir enige inskrywing daarin van 'n persoon wat vermoedelik oor die nodige inligting beskik

- (d) met die uitreiking van 'n kwitansie, beslag te l op enigiets op of by die perseel wat met die ondersoek verband hou of verband daarmee mag hou, indien die ondersoekbeampte dit vir verdere ondersoek of veilige bewaring moet hou.

Hierdie lasbrief is van krag totdat dit uitgevoer is, of vir 'n tydperk van een maand vanaf die datum van uitreiking, wat ook al eerste plaasvind.

Ek, die ondergetekende _____, in my hoedanigheid as _____, het die bewysmateriaal ondersoek en is tevrede dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat die lasbrief vir visentering deur 'n regter of landdros uitgereik sal word.

H n tekening

D t

UITREIKING VAN LASBRIEF DEUR REGTER OF LANDDROS

_____ (datum)

_____ (tyd)

HANDTEKENING VAN REGTER LANDDROS

NAAM VAN HOF WAAR LASBRIEF UITGEREIK WORD

STEMPE AN IE HOF

Vorm 6**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING & TOERISME****KWITANSIE VIR VOORWERPE WAT IN BESLAG GENEEM IS**

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
 Artikel 11(1)(d) en regulasie 10

Aan:

..... **ID**

(naam en ID-nommer van eienaar of persoon in beheer van perseel)

Ek, **(volle name), ondersoekbeampte, het op of by**
die perseel geleë te

(adres van perseel)

die volgende voorwerpe in beslag geneem en vir verdere ondersoek of veilige bewaring gehou:

- 1.
- 2.
- 3.
- 4.
- 5.

(Heg 'n addisionele bladsy aan indien meer spasie benodig word)

_____ *(datum)*

_____ *(plek)*

On e s o e k e t e

Vorm 7

WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING & TOERISME

DAGVAARDING OM VERRIGTINGE VOOR DIE VERBRUIKERSAKETRIBUNAAL IN TE STEL

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002) Artikel 1 (1) en regulasie 1 (1)

AAN Tribunaalverw.: (naam van besigheid of volle name van persoon) (adres)

GELIEWE KENNIS TE NEEM DAT u na bewering verantwoordelik is vir die onbillike sakepraktyk van:

(besonderhede van beweerde onbillike sakepraktyk)

DAT aangeheg tot hierdie dagvaarding vind u volledige besonderhede van die bewerings teen u, asook afskrifte van alle dokumente en ander materiaal waarop die bewerings gebaseer is, en wat gebruik sal word om as bewys van die bewerings te dien

DAT verrigtinge hiermee in die Verbruikersaketricunaal teen u as die persoon wat na bewering vir die bogenoemde onbillike sakepraktyk verantwoordelik is, ingestel word

DAT die verrigtinge teen u voor die Verbruikersaketricunaal sal begin op

(plek) op (datum), om (tyd);

DAT die verrigtinge voor die Verbruikersaketricunaal voortgesit sal word deur die Kantoor van die Verbruikersbeskermer, wat verteenwoordig of bygestaan mag word deur 'n advokaat, prokureur, of enige ander persoon wat deur die Verbruikersbeskermer goedgekeur is

DAT u geregtig is om op die bepaalde datum te verskyn en aan die verrigtinge deel te neem, en persoonlik mag verskyn of deur 'n advokaat, prokureur of ander persoon verteenwoordig of bygestaan mag word

EN DAT indien u voornemens is om die bewerings teen u te verdedig, moet u die Verbruikersbeskermer binne sewe dae van ontvangs van hierdie dagvaarding van u voorneme in kennis stel.

Let sse lief o t in ien e s i o te e sk n, k n'n e el teen ge k wo .

_____ (datum)

_____ (plek)

Ve ike s eske e Pe soon ge gtig e Ve ike s eske e

Vorm 8

WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING & TOERISME

DAGVAARDING OM VOOR DIE VERRBUIKERSAKETRIBUNAAL TE VERSKYN

Wes-Kaapse Wet op verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002) Artikel 20(1)(a) en regulasie 1 (1)

AAN Tribunaalverw.:..... (volle name van persoon) (adres)

In verrigtinge ingestel in die Verbruikersaktribunaal

teen (naam van persoon teen wie die verrigtinge ingestel is)

U word hiermee gedagvaar om voor die Verbruikersaktribunaal te verskyn te:

.. (plek)

en op (datum), om(tyd); ten einde:

- (a) getuienis te lewer in verband met die bogenoemde saak
(b) om die volgende voor te l

..... (beskryf die boeke, dokumente of voorwerpe) en om vrae in verband daarmee te beantwoord.

(*Skrap wat nie van toepassing is nie.)

Artikel 20(2) van die Wet bepaal dat 'n persoon aan 'n misdryf skuldig is indien hy of sy, wanneer gedagvaar

- (a) versuim om die verrigtinge op die tyd en plek in die dagvaarding gespesifiseer, by te woon of aanwesig te bly tot die beindiging van die verrigtinge of totdat hy of sy deur 'n tribunaal van verdere bywoning verskoon is
(b) weier om die eed af te lê of 'n plegtige verklaring te doen
(c) weier om enige vraag wat wettig aan hom of haar gestel word, te beantwoord, of ten volle en bevredigend na die beste van sy of haar wete of oortuiging te beantwoord

- (d) versuim om 'n boek, stuk of voorwerp voor te lê wat in sy of haar besit of veilige bewaring of onder sy of haar beheer is en wat hy of sy moet voorlê of
- (e) 'n valse verklaring voor die tribunaal doen, in die wete dat so 'n verklaring vals is of terwyl hy of sy nie weet of nie dink dat dit juis is nie.

_____ (datum)

_____ (plek)

Ve ike s eske e Pe soon ge gtig e Ve ike s eske e

Vorm 9

WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING & TOERISME

KENNISGEWING VAN AANSOEK
OM DRINGENDE TYDELIKE BEVEL

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
Artikel 21(1) en regulasie 1 (2)(e)

AAN: Tribunaalverw.:.....
(naam van besigheid of volle name van persoon)
.. (adres)
.

GELIEWE KENNIS TE NEEM DAT u na bewering verantwoordelik is vir die onbillike sakepraktyk van:

(besonderhede van onbillike sakepraktyk).

DAT die Verbruikersbeskermer voornemens is om inligting aan die tribunaal voor te l dat omstandighede rakende hierdie saak dit dringend maak en dat 'n verbruiker of 'n klas verbruikers onherstelbare skade aangedoen sal word indien die saak op die gewone manier deur die tribunaal hanteer word, en dat die Verbruikersbeskermer gevolglik die tribunaal sal versoek om 'n tydelike bevel uit te reik.

DAT die Verbruikersbeskermer voornemens is om hierdie inligting aan die tribunaal voor te l op (datum) om (tyd), en te (plek), of so gou as moontlik as wat die Verbruikersbeskermer aangehoor kan word.

DAT die Verbruikersbeskermer op die volgende voorwaardes om 'n bevel aansoek sal doen:

(1) Dat hierdie aansoek as 'n dringende tydelike aansoek beskou word en dat die tribunaal ooreenkomstig artikel 21 van die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002) afsien van die gewone vorms en diens waarvoor daar in die Wet en regulasies voorsiening gemaak word

(2) Dat die respondent verbied word om

DAT verrigtinge voor die Verbruikersaktribunaal deur die Kantoor van die Verbruikerbeskermer voortgesit sal word, wat deur 'n advokaat, prokureur of enige ander persoon wat deur die Verbruikerbeskermer goedgekeur is, bygestaan kan word.

DAT u geregtig is op die vasgestelde datum te verskyn en aan die verrigtinge deel te neem, en persoonlik kan verskyn of deur 'n advokaat, prokureur of ander persoon bygestaan kan word.

Let sse lief o t in ien e s i o te e sk n, k n n e el teen ge k wo .

_____ (datum)

_____ (plek)

 Ve ike s eske e Pe soon ge gtig e Ve ike s eske e

AANHANGSEL B

TARIEWE

Tarief 1

Kosteskaal

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
(Artikel 1 (1)(b) en regulasie 12)

Waar die tribunaal koste toeken teen 'n persoon wat 'n onbillike sakepraktyk bedryf het soos beoog in artikel 18(1)(b) van die Wet, moet die volgende koste betaal word, tensy die tribunaal andersins bepaal.

1. **Koste in die ondersoek**
 - a. 'n Bedrag van R1 500 per dag vir die duur van die ondersoek
 - b. Die kantoor van die Verbruikersbeskermer moet 'n sertifikaat uitreik waarin die aantal dae wat aktief aan die ondersoek bestee is, bevestig word. Enige sodanige sertifikaat moet behoorlik deur die Verbruikersbeskermer onderteken word, of enige ander persoon wat deur hom gemagtig is om dit te doen, en is dan prima facie bewys van die duur van die ondersoek.
2. **Koste in die T i n l**
 - a. 'n Bedrag van R3 000 per dag vir elke dag waarop die tribunaal byeengeroep is
 - b. Die sekretaris van die tribunaal moet 'n sertifikaat uitreik waarin die aantal dae wat die tribunaal byeengeroep is, bevestig word. Enige sodanige sertifikaat wat behoorlik deur die Verbruikersbeskermer onderteken is, of enige ander persoon wat deur hom of haar gemagtig is om dit te doen, is dan prima facie bewys van die duur van die verhoor.

Uitgawes n

Alle uitgawes wat werklik deur die kantoor gedurende die ondersoek en die verhoor van die saak aangegaan is, insluitende alle belasbare regs-kostes.

Tarief 2

Besoldiging betaalbaar aan 'n kurator wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie

Wes-Kaapse Wet op verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
(Artikel 2 () en Regulasie 21)

1	Op die bruto opbrengs van roerende eiendom (behalwe aandele of soortgelyke sekuriteite) gerealiseer of van die hand gesit, of soos beoog in artikel 24(1)(a) of (j) van die Wet, of op die bruto bedrag verhaal deur promesse of boekskulde, of as huurgeld, rente of ander inkomste:	10 persent
2	Op die bruto opbrengs van onroerende eiendom, aandele of soortgelyke sekuriteite gerealiseer of van die hand gesit soos beoog in artikel 24(1)(a) of (j) van die Wet, lewensversekeringspolisse en verbande verhaal en die saldo aangeteken ten opsigte van onroerende eiendom verkoop voor 'n tribunaalbevel ingevolge artikel 23(1) van die Wet:	3 persent
3	Op –	
	(i) geld van die persoon vir wie die kurator aangestel is;	3 persent
	(ii) die bruto opbrengs van tjeks en posorders betaalbaar aan daardie persoon; en	3 persent
	(iii) die bruto opbrengs van bedrae tot krediet van die persoon, in lopende, spaar- of ander rekeninge en van vaste deposito's en ander deposito's by bankinstellings, bouverenigings of finansiële instellings:	3 persent
4	Op verkope deur die kurator deur die besigheid van die persoon of deel daarvan te bedryf, soos beoog in artikel 24(1)(d) van die Wet:	2 persent
5	Op bedrae en bates verdeel soos beoog in artikel 24(1)(b) van die Wet, met uitsluiting van 'n bedrag waarop vergoeding betaalbaar is onder 'n ander item van hierdie tarief:	6 persent

Tarief 3

Vergoeding betaalbaar aan 'n ondersoekbeampte wat in voltydse diens van die Staat is nie

*Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
(Artikel 10(1) en regulasie 7(2))*

1	'n Ondersoekbeampte wie se bestaande werk buite die staatsdiens gelyk is aan die vlak van Hoofdirekteur binne die staatsdiens of dit oortref	Maksimum van R3742 per dag
2	'n Ondersoekbeampte wie se huidige werk buite die staatsdiens gelyk is aan die vlak van Direkteur binne die staatsdiens of dit oortref	Maksimum van R2473 per dag
3	'n Ondersoekbeampte wie se huidige werk buite die staatsdiens gelyk is aan die vlak van Direkteur binne die staatsdiens	Maksimum van R1 335 per dag

AANHANGSEL C

EED EN VERKLARINGS

Indien 'n persoon beswaar maak om 'n eed af te lê of verklaring te doen in 'n vorm soos uiteengesit in hierdie aanhangsel, of dit blyk dat 'n persoon 'n eed of verklaring in sodanige vorm nie as bindend op sy of haar gewete beskou nie, kan sodanige persoon 'n eed aflê of verklaring doen met dieselfde strekking soos uiteengesit in die toepaslike deel van hierdie aanhangsel en in 'n ander vorm wat die persoon as bindend op sy of haar gewete beskou.

Deel 1

Eed of verklaring deur lid of plaasvervangende lid van tribunaal

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)

(Artikel 1 () en regulasie 11)

Ek, (volle naam van lid), verklaar onder eed/verklaar plegtig dat, as 'n lid/alternatiewe lid van die Verbruikersaktribunaal (*skrap wat nie van toepassing is nie) vir (voeg gebied in), ek werklik en getrou die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 20 van 2002) sal handhaaf en toepas. So help my God (in die geval van 'n eed)

_____ (datum)

_____ (plek)

DEPONENT

MINISTER FINANSIES, EKONOMIESE
ONTWIKKELING TOERISME

Deel 2

Eed of verklaring deur oorskrywer

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
(Regulasie 22(1))

Ek, (volle name van oorskrywer), verklaar onder eed/verklaar plegtig

- (a) dat ek getrou en tot die beste van my vermoë die verrigtinge van die Verbruikersaktribunaal vir die gebied van _____ sal neerskryf/opteken (voeg gebied in), in snelskrif/op 'n meganiese manier soos beslis deur die voorsitter van die tribunaal of ander persoon wat as voorsitter optree
- (b) dat ek volledig en tot die beste van my vermoë snelskrif notas/ 'n meganiese rekord van die verrigtinge van die Verbruikersaktribunaal deur my of deur 'n ander persoon gemaak, sal oorskryf.

(*Skrap wat nie van toepassing is nie.)

So help my God (in die geval van 'n eed)

_____ (datum)

_____ (plek)

DEPONENT

Sekretaris
Verbruikersake

Deel 3

Eed of verklaring deur tolk

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke) 2002 (Wet 10 van 2002)
(Regulasie 22())

Ek, (volle name van tolk), verklaar onder eed/verklaar plegtig dat, wanneer ek versoek word om die funksies van 'n tolk uit te oefen in die verrigtinge in die Verbruikersaktribunaal vir die gebied van
. (voeg gebied in), ek werklik en korrek tot die beste van my vermoë sal vertolk uit die taal wat ek versoek word om uit te vertolk, in 'n ander taal soos vereis deur die tribunaal. So help my God (in die geval van 'n eed)

(*Skrap wat nie van toepassing is nie.)

_____ (datum)

_____ (plek)

DEPONENT

Seketaris

Verkeersketting

ISHEDYULI**ISALATHISO****ISAHLUKO 1****UTOLIKO**

1. Inkcazelo

ISAHLUKO 2**UPHANDO LWEZENZO ZORWHEBO EZINGALUNGANGA**

2. Ukufaka isiKhalazo
3. Isaziso soPhando
4. Intlanganiso yoPhando
5. Iisamani zoKuvela Okanye zoKunikezela ngoLwazi
6. Umrhumo weNgqina
7. Iimiqathango yeNgqesho noMvuzo waMagosa oPhando
8. Isiqinisekiso seNgqesho
9. Isigunyaziso soPhando
10. Irisithi ekhutshwa ngexesha leNtimbo

ISAHLUKO 3**INKUNDLA YAMATYALA EMICIMBI YABATHENGI**

11. Isifungo okanye iSiqinisekiso eSenziwa liLungu leNkundla yaMatyala
12. Iindleko
13. Iisamani zokuQalisa iziMangalo kwiNkundla yaMatyala
14. Indlela yoKuthumela iiSamani
15. Iisamani zeNgqina
16. Izimangalo Phambi kweNkundla yaMatyala
17. Uvavanyo lwaMangqina
18. Umyalelo weXeshana oNgxamisekileyo
19. Isiqinisekiso saMalungiselelo
20. Umlinganiselo weNzala kwiMali ebuyekezw kuBathengi abaChaphazelekayo
21. Umvuzo wabaPhathi
22. Abakhupheli neeToliki
23. Upapasho loMyalelo weNkundla yaMatyala
24. Ukhuphelo
25. Isihloko esiFutshane

ISAPHLUKO 1

UTOLIKO

linkcazelo

1. Kule mimiselo, ngaphandle kokuba imeko bume ibonisa ngokwahlukileyo, igama okanye intetho equlathe intsingiselo kwiMicimbi yabaThengi beNtshona Koloni (iZenzo zoRhwebo ezingalunganga) UMthetho, wama- 2002 (uMthetho we- 10 wama- 2002), uyayigcina loo ntsingiselo, kwaye ngaphezulu—

“uMkhuseli waBathengi” uquka uMkhuseli obambeleyo waBathengi oqeshwe phantsi kwecandelo 5 (1) (b) loMthetho;

“umntu ongumqondisi-mthetho” uquka —

- (a) Iqela lamaqhumrhu;
- (b) ulwahlulelwano okanye ubudlelwane; ne
- (c) thrasti njengoko kucacisiwe kuMthetho we -1988 woLawulo lwePropati , (UMthetho 57 we – 1988);
“**umntu**” uquka umntu ongumqondisi;
“**ummangalelwa**” kuthethwa lowo kufakwe izimangalo ngakuye zokwenza izenzo zorhwebo ezingalunganga ngokoMthetho;

“**uMthetho**” kuthethwa ngeMicimbi yabaThengi beNtshona Koloni (iZenzo zoRhwebo eziNgalunganga) uMthetho, wama- 2002 (“uMthetho we-10 wama- 2002).

ISAPHLUKO 2

UPHANDO LWEZENZO ZORHWEBO EZINGALUNGANGA

Ukufaka isimangalo sesikhalazo

2. Xa umntu efake isimangalo sesikhalazo kwi-ofisi malunga nokubanga izenzo zorhwebo ezingalunganga, i-ofisi ingacela ukuba ummangali a-
 - (a) ngasizisa isikhalazo sakhe sibe kwifomathi ye Fomu 1 kwiSihlomelo A; ngokunjalo
